

31 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:10-17

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1:10

Christene is medewerkers, nie opponente nie

Dit is hoe ons gebore word: Ons het 'n ingebore drang om te wedywer, altyd te wen, die beste te wees. Die samelewing stimuleer hierdie drang verder. Ons sê: Jy is 'n wenner of verloorder – net een van die twee.

Geen wonder dat hierdie drang en gesindheid ook in die gemeente van Korinte geheers het nie. Watter soort stryd het hier gewoed? Wel, lidmate het die predikers wat in Korinte gedien het, teen mekaar afgespeel. Miskien het sommige predikers ook hieraan meegedoen, soos dit dikwels in die praktyk gebeur.

Die lidmate het elk sy leier gekies. Sommige het Christus gekies, ander Paulus, Apollos of Sefas (Petrus). So is die leiers van die gemeente óf verhef óf verneder. 'n Hewige twis het voortdurend gewoed. Groot verdeeldheid het in die gemeente ontstaan en die onderlinge liefde het gewyk.

Wat doen Paulus om die probleem op te los? Hy maak dit duidelik dat alle Christene net een ware leier het, Jesus Christus. Alle ander voorgangers en lidmate moet Jesus volg. Christene is medewerkers in die koninkryk van God, nie opponente van mekaar nie. As almal dit doen, kan daar nie verdeeldheid wees nie, want *Christus kan in Homself nie verdeeld wees nie*. 'n Gemeente of kerkverband wat verdeeld is oor sy leiers, is 'n kerk wat die krag van die kruis verydel (vs 17). Wie volg jy: Christus of 'n mens?

Dr. Klasie Heystek (Emeritus)